

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

05 Desember 2009

Dis weer daardie tyd van die jaar wat die wurms in die Clivias weer 'n probleem is. Daar is 'n paar goed wat die wurm moeilik maak om dood te kry. Die eerste is die feit dat die wurm se eiers agter op die blare van die Clivias gelê word. Sodra die eiers uitbroei klim die wurm in die blaar in en beweeg tussen die wande van die blaar af tot in die bol en vreet die plant letterlik van binne af dood. Dis hoekom 'n mens iets soos Garden Ripcord moet gebruik om deur die wand van die plant die wurm dood te maak. Die ander rede hoekom dit moeilik is om van die hardnekkige plaag ontslae te raak is die feit dat dit 'n twee weke lewenssiklus het en as dit nie gestop word nie, die probleem net vererger. So wat jy eintlik moet doen is om dit te spuit sodra jy die probleem sien, drie dae later en dan weer oor twee weke. Dis die enigste manier om die wurm se lewenssiklus te breek.

Laas week het ek gepraat van besproeiingstelsels wat nagesien moet word voor jy weggaan. Die ander ding om te onthou is om jou grasperk 'n laaste sny te gee so 'n dag of wat voor jy vertrek. Nie net is dit 'n duidelike teken aan skelms dat niemand tuis is nie, maar sou jy dit los tot jy terugkom, kan dit dalk knie hoogte wees en as jy dit dan sny, sny jy al die groen weg en sny jy eintlik die gras dood. As jy terugkom en dit is wel die geval, sny dit eerder twee keer so drie dae uitmekaar en sny dit stelselmatig weer tot op die normale hoogte.

So gepraat van grassny. Baie mense stel hulle grassnyers nou so kort dat sodra jy die gras sny laat jy geen loof agter om die wortels van die plante te beskerm nie, dan brand die son die wortels dood.

Stel jou grassnyer eerder een of twee nommers hoër en gee dit daardie bietjie ekstra beskerming.

Ek kry ook deesdae baie oproepe oor mense wat sukkel met hulle gewone wit varkore. As jy die plante vinnig inspekteer lyk dit soos 'n voeding tekort, maar sodra jy aan die blare raak dan val dit maklik om en dit stink soos die bolle vrot word. Varkore is baie gevoelig vir Bolvrot en sodra die grond om die bolle vasslaan, die plante baie water of reen kry en dit leker warm is, floreer die fungus. Ja jy kan die plante net so behandel, maar as jy van die probleem wil ontslae raak moet jy dit reg doen. Jy moet die plante so ongeveer 10cm bo die grond afsny, die bolle haal en die area met kompos omwerk om die grond weer lekker los te kry. Sodra dit gedoen is kan jy die bolle weer terugplant en nat maak. Dan meng jy Bravo in jou gieter en jy gooi die plante weer daarmee nat. Dit sal die fungus dood. Jy moet die plante weer 7 dae later met die Bravo mengsel behandel.

12 Desember 2009

More aan al ons luisteraars. Die rose is nou lekker vol in blom en as jy dit so wil hou moet jy nou 'n 8:1:5 kunsmis neergooi. Onthou 8:1:5 is vir blommende plante. As jy nie jou Hibiscus plante onlangs iets soos 'n 6:1:5 gevoer het nie

gaan jy ook vind dat dit baie traag is om nou mooi te blom. Die plante is mooi vol en groen maar kort net 'n bietjie kleur. As jy nou 'n 6:1:5 romdom die plante strooi sal jy jou plante vol in blom hê binne die volgende drie weke – net betyds vir nuwe jaar. Iets waarop ek moet klem lê is waar om die plante te voer. As jy die kos om die stam van die plante gooi gaan dit nie veel help nie want die meeste van die fyner haarwortels wat die kos moet absorbeer is gewoonlik op die driplyn van die plant. Strooi dit eerder egalig om die plant en benat dit deeglik.

Baie mense kom deur en gesels met my nou oor probleme wat ondervind word met onkruide op plaveisel. Ek kan nie glo mense gebruik Diezel om die onkruide dood te maak nie. Ja, diesel werk, maar dit vlek jou plaveisel baie sleg en dit besoedel ook die afloop water. Gebruik eerder 'n algemene non selektiewe onkruiddoder iets soos Roundup. Dit is baie veilig om te gebruik, maak nie iets anders dood waar dit op gespuit word nie en werk tot in die wortels. Baie keer sukkel jy ook geweldig met onkruidsade wat in 'n sekere gedeelte van jou tuin aanhoudend bly opkom. Daar is darem goeie nuus. Jy kry 'n produk met die naam Snapshot. Dit is 'n ontkiemende saad doder, so as jy die sade in 'n sekere plek wil stopsit, kry vir jou Snapshot en doen dit daarmee.

Ek kry ook 'n geweldige hoeveelheid navrae van mense wie se broodbome kleiner uitloopsels of babatjies op die kant van die stam maak nou word daar gevra wat doen jy daarmee. Ja jy kan dit los as jy 'n bosserige broodboom wil hê, maar dis gewoonlik beter om dit af te haal. As die kleiner plant nog nie sterk ontwikkel het nie, of homself nie te stewig aan die plant gekoppel het nie kan jy die sommer afbreek. As die plant 'n bietjie groter is, moet jy dit versigtig sny sonder om die moeder plant te veel te beskadig. Die moederplant se wond kan geseel word met 'n steriseal wat ook 'n fungus doder is, maar die plant moet nog steeds kan asemhaal en die wond moet kan uitdroog. Die kleiner bol se blaar massa kan gehalveer word en die onderste gedeelte van die bol moet in 'n hormoonpoeier gedruk word voor dit geplant word. Moenie die bol te diep plant nie, anders sal dit vrot word. Lekker los grond met goeie dreinering en jy het sommer 'n klompie nuwe plante. Maak dit dan so een keer elke twee of drie dae nat.
19 Desember 2009
Ja dis nou lekker warm en een van die plante wat nou vol in blom is, is die Bougainvilleas. As jou Bougainvilleas se blomme en blare nie goed lyk nie en dalk die blomme en blare afgooi is dit omdat dit te veel water kry. Bougainvilleas is een van die plante wat lekker baie son wil hê en nie te veel water nie. As jy 'n Bougainvillea in 'n pot het en hy doen nie goed nie is die pot se dreinering tien teen een verstop en moet jy dit probeer herstel. Saam met al die reen kom daar ook geweldig baie sampioene in die tuine orals op en ek moet net die mense waarsku om dit nie te eet nie. Dit is wilde sampioene wat giftig is.

In die streke waar dit nie lekker reen nie en dit droog en warm is, daar waar die bougainvilleas eintlik lekker groei, kry jy nou weer geweldig baie rooi spinnekoppe. Onthou tekens van rooi spinnekop is as die blare so 'n oneweredige gevlekte geel en groen is. Dit lyk eintlik of die plant 'n stikstof tekort het. Rooi spinnekoppe lee fonder op die blare en is so groot soos 'n soutkorreltjie. Voor jy die plante besp[uit moet jy eers vir so drie dae lank elke dag net vinnig die plant se blare van onder af natspuit. Jy kry dan rooi spinnekop doder of selfs Oleum maak ook die rooi spinnekop dood.

Oor die hoeveld kry ons nou ook baie reen, maar saam met die reën kom daar ook baie fungus problem soos poeieragtige meeldou en ook swart vlek. Ja jy kan met Rosecare voorkomend behandel, maar as jy dit nie gedoen het nie en die problem steek sy kop uit kan jy dit met Funginex behandel. Onthou Funginex is een van die sistemiese gifstowwe wat 'n mens nie op groentes of kruie kan gebruik nie, maar sodra jy dit op jou rose spuit trek deur die blare in die plant in en versprei dit deur die plant. So wat dit beteken is dat as jy nie die hele plant kon raakspuit en al die blare kon benat nie, sal die gif versprei en verder die probleem onder hande kry.

As jy weg gaan vir kersfees en jy weet nie lekker wat om met jou binnenshuise plante te doen nie, vat jou kleiner plante wat jy kan en beweeg dit na 'n badkamer of kombuis. Vat dan 'n handdoek of 'n ou onderveld of selfs 'n honde kombers en maak dit lekker papnat, sit die prop in die wasbak en plaas die plante daarop. As jy dit doen sal jou plante vir die volgende week of so genoeg water hê. Jy kan dit selfs doen met 'n dikkerige laag koerantpapier.

Twee wenke vir die week. Baie mense kom vra vir my wat is die rede vir hulle blaarslaai se slegte bitter smaak. Onthou sodra jou blaarslaai blare verouder word dit bitter en dis hoekom 'n mens altyd die blare gereeld moet pluk. As jy weggaan moet jy meeste van die blare afbreek en die nuwe blare sal reg wees om te gebruik as jy terugkom.

Die ander diung is om jou tamaties aan te jag. Sodra jy sien dat die plante se vrugte lekker geswel is en dit word nie ryp nie, kan jy die vrugte vinniger gereed kry. Kry 'n papier sakkie om die vrugte in toe te bind terwyl dit nog aan die plant hang. Maak seker jy maak nie die vrugte se stamme seer nie.

Ek dink ook dis nou die regte tyd om vir al ons luisteraars 'n geseende kersfees toe te wens en ook 'n veilige reis waar jy ook heen mag gan.

tuis&home
EFEKTO For Life